# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (20/09)

*Justin Chadwick (22 Mei 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

**VIER DIE SUKSES: ONS STAAN ALMAL AGTER DIE BULLE WANNEER HUL IN DIE SUPER 14 SEMI-FINAAL SPEEL**

***GESEGDE VAN DIE DAG:*** *"Our task as we grow older in a rapidly advancing world, is to correct older ideas, and to learn from our pupils as we teach them "* ***Hans Zinsser***

## AGRI TV

Net 'n nota dat sitrus volgende week Maandag en Dinsdag op Agriculture Today, SABC 2 @05h20 gaan wees.

## JUNIE EN JULIE – RSA IS GASHEER VIR INTERNASIONALE AFVAARDIGINGS

Junie en Julie gaan redelik bedrywig wees met drie oorsese afvaardigings wat Suid-Afrika gaan besoek. In Junie gaan die "Food and Veterinary Office (FVO)" van die EU 'n besoek aflê om ons fitosanitêre sisteme te ondersoek, weens bekommernisse oor die onderskeppings in 2008. Die besoek is besig om gestalte te kry – die afvaardiging arriveer op 15 Junie en na 'n vergadering met die Department van Landbou (DoA) gaan hul deur die land toer; hulle sal produksie areas in Limpopo, Mpumalanga, Oos- en Wes-Kaap besoek. Bykomend sal hul ook die fasiliteite van CRI in Nelspruit, die hawe in Durban, PPECB en DoA se streekskantore besoek. Alle sitrus rolspelers het nodig om hul geheue te verfris met die fitosanitêre prosedures, omdat enige iemand gevra kan word om te verduidelik hoe dinge werk.

Vroeg in Julie gaan 'n afvaardiging van USDA –APHIS die Limpoporivier streek (Weipe en Tshipise) besoek om die aansoek van CBS vrye plekke van produksie binne-in 'n area van lae voorkoms vir CBS te bespreek. Later in die maand sal 'n tweede USDA afvaardiging die Wes-Kaap besoek om die pakhuis-prosedures te bespreek met die oog daarop om die behandelingsperiode te hersien.

Die sitrusbedryf word baie goed deur die personeel van DoA ondersteun (Alice, Marianna, Mike en Mashudu) wat 'n groot hoeveelheid werk en moeite ingesit het rondom die beplanning van die reise. Goeie beplanning sal tot voordelige uitkomste lei.

## LYS VAN PRODUKSIE-EENHEDE WAT NIE NA CBS SENSITIEWE MARKTE MAG UITVOER NIE

Sedert 2001 is CBS hoë risiko produksie-eenhede geïdentifiseer en van uitvoere na CBS sensitiewe markte uitgesluit. PUC's wat hierdeur geraak is, is ten tye van die uitsluiting in kennis gestel en die lys is aan die CGA en FPEF voorsien. Die CGA het dit sterk aanbeveel dat die verspreiding van die lys slegs tot die FPEF en CGA beperk word. Uitvoer agente redenaar al lank dat hul die inligting benodig vir hul besluitneming rondom "procurement". Die DoA het besluit dat die bestuur van die risiko beter sal wees as die lys aan ander rolspelers in die bedryf beskikbaar gestel word. CGA het gevra dat die wyer verspreiding met twee maande uitgestel word om CGA die geleentheid te gee om produsente van die verandering in kennis te stel en om die PUC's wat op die lys verskyn 'n kans te gee op her-evaluering en moontlike verwydering van die lys. Hierdie versoek is aanvaar en die CGA is in die proses om die 23 PUC eienaars in kennis te stel.

## "PACE" JOUSELF

Voorspoed aan almal in die sitrusfamilie wat hierdie naweek die "inter city fun run" (Comrades Marathon) gaan doen. Laat my asseblief weet hoe jul gevaar het sodat ons jul in volgende week se nuusbrief erkenning kan gee – 90 km op die pad verdien verseker erkenning!! Het jul opgemerk dat die klomp wat aan die begin wegspring na 15 km voorloop maar na 30 km uitval? Tot 'n sekere mate volg ons uitvoere soms dieselfde patroon. In 'n poging om ons teenwoordigheid in die mark te vestig, probeer ons om vrugte so gou as moontlik in die mark te kry. Dit is beslis 'n goeie strategie GEGEWE dat dit nie 'n impak op gehalte het of oorvoorsiening in die mark tot gevolg het nie. Die CGA verleen hulp aan die uitvoerders na Japan om uitvoere na hierdie mark te optimiseer. Met minder voorraad as normaal in 2009, sal die eerste skepe die voorraad vervang. Daar is kommer dat die volgende skepe, waarvan die vertrek vir weke 22 tot 24 beplan is, op 'n bondel kan wees wat kan beteken dat daar te veel aankomste in 'n kort periode is. 'n Dringende rede vir die hersiening van die verskepingskedule is dat aflaaifasiliteite in Japan minder ruimte vir sitrus het in vergelyking met vroeëre jare. As daar nie ruimte is om vrag af te laai nie – word die skip vertraag wat "demurrage" onkoste tot gevolg sal hê (wat waarskynlik deur die produsent gedra sal word). Produsente word dus aangemoedig om paktempos met hul agent te bespreek met 'n moontlikheid om pomelos vir Japan stadiger te pak – dit is beter as hoë stoorkostes in Durban en/of om "demurrage" onkostes te hê. Dit is nie dat Japan nie vrugte wil hê nie – hul wil dit net eweredig verspreid deur die seisoen ontvang – "PACE" JOUSELF.

## VERPAK EN VERSKEEP 2009

**WAARSKUWING – PPECB ondervind probleme met hul insleuteling van data wat die akkuraatheid van die week se syfers sal beïnvloed. Die probleem word aangespreek.**

Die eerste drie skepe het na Japan vertrek wat beteken dat ons nou 20% van die verskeepte volumes na daardie mark gestuur het; Noord-Europa domineer nog steeds met 47% van die volumes. Star Ruby maak 74% van die pomelos uit wat tot op datum gepak is. Klein hoeveelhede Satsumas is verlede week gepak – 1.712 m kartonne is gepak gemeet teen die hersiene voorspelling van 1.8 m (oorspronklike skatting 2.1 m). Clementines het begin met omtrent 0.6 m kartonne wat tot op datum gepak is. VK (64%) en Noord-Europa (19%) bly steeds die dominante markte vir sagte sitrus. Suurlemoene wat gepak en verskeep is, is steeds 2/3 van die hoeveelhede op dieselfde tyd in 2008. Die belangrikste uitvoermarkte was Midde Ooste (48%), Verre Ooste (19%) en Rusland (12%). Die suurlemoen fokusgroep sal later die maand vergader en sal verseker weer na hul skatting kyk. Nawels wat gepak is staan nou op 1.6 m kartonne, met minder as 'n ½ m wat verskeep is. Die Nawel Fokusgroep het hul voorspelling afwaarts, weens die hael in van die streke, aangepas.

| Tot Week 20 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bronne: PPECB** | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 |
| Pomelos | 4.9 m | 4.6 m | 2.3 m | 2.4 m | 15.1 m | 14.8 m | 12.4 m |
| Sagte Sitrus | 2.8 m | 2.5 m | 1.9 m | 1.7 m | 7.4 m | 7.1 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 3.8 m | 2.4 m | 2.4 m | 1.5 m | 9.4 m | 9.2 m | 8.8 m |
| Nawels | 2.5 m | 1.6 m | 0.5 m | 0.4 m | 21.6 m | 21.3 m | 21.2 m |
| Valencia | - | - | - | - | 43 m | 43 m | 40.4 m |
| | 14 m | 11.1 m | 7.1 m | 6 m | 96.5 m | 95.4 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**